Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Metro Oos Onderwysdistrik

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

PUNTE: 300
TYD: 3 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en ‘n antwoordboek van 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Toon alle bewerkings **in die antwoordboek** om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart pen gebruik om vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Koste-rekeningkunde	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat en notas Ontleding en vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt **Bestuur van Hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Bank- en Krediteure-versoening Interne beheer	**Finansiële rekeningkunde** Bankversoening Versoen 'n Krediteure grootboekrekening met 'n rekeningstaat **Bestuur van Hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 3: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappye - Finansiële state: Inkomstestaat Notas tot die Balansstaat	**Finansiële rekeningkunde** AARP beginsels Stel 'n Inkomstestaat op Nota vir Voorraad in 'n Balansstaat

VRAAG 4: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat Verhoudings-analise	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloei- berekeninge Ontleed en vertolk finansiële inligting

VRAAG 5: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegroting Geprojekteerde Inkomstestaat	**Bestuursrekeningkunde** Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting Probleemoplossing **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en interne oudit Etiese gedrag in 'n finansiële omgewing

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van hierdie vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraad en interne beheer	**Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasie: EIEU, spesifieke identifikasie Probleemoplossing

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 VERVAARDIGING EN INTERNE BEHEER (50 punte; 30 minute)

SUPA BAKKERY

James May is die eienaar van Supa Bakkery. Die bakkery bak en verkoop brood direk aan die verbruiker.

GEVRA:

1.1 Voltooi die volgende:

- Die nota vir Direkte Grondstofkoste (9)
- Produksiekostestaat vir Augustus 2015. (8)

1.2 Bereken die koste van elke brood vir Augustus 2015. (3)

1.3 Totale grondstofkoste het drasties verhoog van Julie na Augustus 2015. Gee TWEE moontlike redes vir hierdie styging. (4)

1.4 Bereken die veranderlike koste per brood (tot die naaste sent). (6)

1.5 James is nie seker of die vlak van produksie vir Julie en Augustus bevredigend was nie.

- Bereken die gelykbreekpunt vir Augustus 2015. (6)
- Beskou jy die vlak van produksie as bevredigend of nie? Verduidelik en haal syfers aan om jou mening te ondersteun. (4)

1.6 James is bekommerd oor die oortydbetaling aan fabriekswerkers.

- Haal syfers uit die inligting (op bl. 5) aan wat sy bekommernis bevestig. (2)
- Verduidelik TWEE moontlike redes wat die oortyd kan regverdig. (4)
- Stel TWEE interne beheermaatreëls voor wat James kan implementeer om oortyd te monitor en te verminder. (4)

INLIGTING:

A. Die bakkery het geen goedere-in-bewerking nie, omdat alle brode elke dag verkoop word. Enige oorblywende brode word aan die plaaslike nagskuiling geskenk.

B. **Inligting geneem uit die finansiële rekords**

	Augustus 2015
Grondstowwe:	
Voorraad voorhande: 1 Augustus 2015	12 000
31 Augustus 2015	15 000
Aankope: Krediet	52 000
Kontant	28 000
Vraggeld op grondstowwe	8 000
Administratiewe koste	9 000
Verkoops- en Verspreidingskoste	7 200
Direkte Arbeidskoste: Gewone lone	30 000
Fabrieksbokoste	45 000

C. **Die volgende inligting is nog nie in berekening gebring nie:**

- Grondstowwe van R5 000, nie volgens bestelling nie, is aan verskaffers teruggestuur. Geen terugskrywings is nog gemaak nie.
- Die bakkery het 5 werkers in diens. Elke werker het R8 000 oortyd gedurende Augustus 2015 verdien.
- Advertensies (verkoops- en verspreidingskoste) sluit R3 600 in vir 'n drie-maande kontrak wat op 31 Oktober 2015 verval.

D. **Addisionele inligting**

	Augustus 2015	**Julie 2015**
Direkte grondstofkoste	?	R60 000
Vaste koste	R 54 000	R 50 000
Verkoopsprys per brood	R9	R9
Aantal brode vervaardig	30 000	20 000
Gelykbreekpunt	?	12 500

50

VRAAG 2 BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER (40 punte, 25 minute)

2.1 BANKVERSOENING

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Langa Winkels.

GEVRA:

2.1.1 Bereken die korrekte Banksaldo in die algemene grootboek van Langa Winkels op 31 Augustus 2015. (11)

2.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2015 op. (11)

2.1.3 Verwys na die uitstaande deposito, R18 600, gedateer 14 Augustus 2015.
- Gee TWEE redes waarom die interne ouditeur bekommerd behoort te wees oor hierdie deposito.
- Stel TWEE interne beheermaatreëls voor waarop kontantdeposito's beter beheer kan word. (6)

2.1.4 Verwys na die geweierde tjek,R7 400, ontvang van die debiteur (inligiting E). Verduidelik TWEE maatreëls om geweierde tjeks in die toekoms te voorkom. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2015

Bankstaatsaldo (31 Julie 2015) (krediet)	R10 962
Deposito nog nie deur die bank geprosesseer nie	R11 340
Tjeks nog nie by die bank aangebied vir betaling nie:	
No 512 (gedateer 3 Februarie 2015)	R10 150
No 766 (gedateer 25 Julie 2015)	R11 700
No 767 (gedateer 27 Julie 2015)	R12 630

B. Die boekhouer van Langa Winkels het die Bankrekening-saldo in die grootboek as R13 138 op 28 Augustus 2015 bereken, voordat enige versoening met die Augustusbankstaat voltooi is.

C.
- Tjek no 766 en die deposito (in A hierbo) het in die Augustusbankstaat, wat van CA Bank ontvang is, verskyn.
- Tjek no 512 is nou veroudered en moet gekanselleer word. Geen tjek sal uitgereik word om dit te vervang nie.

D. Tjek 781, aangeteken as R15 153, het op die Augustusbankstaat as R15 513 verskyn. Die bedrag op die bankstaat is korrek.

E. Bedrae wat op die Augustusbankstaat verskyn het en nog nie in die kontantjoernale aangeteken is nie:

- Bankkoste, R480
- Tjek 1020 vir R15 540. By nadere ondersoek het CA Bank gevind dat hierdie tjek deur Bunga Winkels uitgereik is. CA Bank het beloof om die fout reg te stel voor die volgende bankstaatdatum in September.
- Direkte deposito's:
  - van Afrika Bank, R10 800. Dit is vir die vaste deposito wat op 25 Augustus 2015 verval het, met rente, R800.
  - van die huurder, R8 000 vir die maandelikse huur inkomste.
- 'n Geweierde tjek, R7 400, van 'n debiteur ontvang ter vereffening van sy skuld van R7 535.

F. Die volgende tjeks is in die KBJ aangeteken voor 28 Augustus 2015, maar verskyn nie op die Augustusbankstaat nie

- Tjek 786, uitgereik vir R2 340 aan 'n krediteur ter vereffening van 'n rekening van R2 600.
- Tjek 802 vir R9 000, gedateer 28 September 2015, uitgereik aan die bouer vir herstelwerk wat in September voltooi sal word.

G. 'n Deposito van R18 600, gedateer 14 Augustus 2015, verskyn nie op Augustus se bankstaat nie.

H. Die bankstaat het 'n gunstige saldo van R23 678 op 31 Augustus 2015 getoon.

Kopiereg voorbehou

2.2 KREDITEUREVERSOENING

PC Handelaars ontvang 'n rekeningstaat van 'n krediteur, DH Verskaffers vir Julie 2015. Die saldo op die rekeningstaat stem nie ooreen met dit wat op die rekening van DH Verskaffers in die Krediteure grootboek van PC Handelaars verskyn nie.

GEVRA:

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te toon hoe die verskille hanteer moet word om die saldo van die Krediteure grootboekrekening met die saldo van die rekeningstaat te versoen.

Skryf die bedrae in die toepaslike kolomme en dui die toename of afname met 'n (+) of (-) aan by elke bedrag.

Tel die kolomme op om die korrekte saldo's aan die einde van Julie 2015 aan te toon. (8)

INLIGTING:

Saldo's op 31 Julie 2015

DH Verskaffers in die Krediteure grootboek van PC Handelaars	R14 905
Rekeningstaat wat van DH Verskaffers ontvang is	R15 120

'n Vergelyking tussen die Krediteure grootboekrekening vir DH Verskaffers en die rekeningstaat toon die volgende verskille:

2.2.1 Die rekeningstaat toon rente van R415 op die agterstallige rekening. DH Verskaffers het hul fout erken en onderneem om die inskrywing in Augustus se staat terug te skryf.

2.2.2 'n Faktuur, ontvang van DH Verskaffers, is in die Krediteure grootboekrekening as R2 080 aangeteken. Die bedrag verskyn korrek op die rekeningstaat as R2 800.

2.2.3 'n Kredietnota vir R460, ontvang van DH Verskaffers vir goedere teruggestuur, is foutiewelik as 'n faktuur deur PC Handelaars geboekstaaf.

40

VRAAG 3 KONSEPTE, INKOMSTESTAAT, NOTAS TOT BALANSSTAAT (65 punte; 40 minute)

3.1 KONSEPTE

Kies die AARP-beginsel uit die tabel hieronder wat die beste deur elke voorbeeld beskryf word. Skryf slegs die AARP-beginsel langs die vraagnommer (3.1.1-3.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

Wesentlikheid	Omsigtigheid	Besigheidsentiteit
Paring	Historiese koste	Lopende saak

3.1.1 Eiendom en handelsvoorraad word waardeer en in die finansiële state getoon teen die oorspronklike koste vir die onderneming.

3.1.2 Kommissie inkomste word geboekstaaf in die periode waarin dit verdien is.

3.1.3 Handelsdebiteure word teen 'n laer waarde in die balansstaat getoon om te voorsien vir oninvorderbare skulde wat in die toekoms kan voorkom.

3.1.4 Finansieringskoste behoort apart getoon te word in finansiële state, aangesien dit die besluit oor hoe om addisionele fondse te verkry, kan beïnvloed. (4)

3.2 METRO SUPERMARK BPK

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar wat op 31 Julie 2015 eindig.

GEVRA:

3.2.1 Verwys na Inligting **E** en bereken die wins of verlies op die inruil van die afleweringsvoertuig. (8)

3.2.2 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2015. (47)

3.2.3 Stel die Voorraad-nota by die Balansstaat soos op 31 Julie 2015 op. (6)

INLIGTING:

UITTREKSEL UIT DIE VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 JULIE 2015

Balanstaatrekeninge-afdeling	**Dt**	**Kt**
Gewone aandelekapitaal		2 500 000
Afleweringsvoertuig (slegs een voertuig)	125 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuig		75 000
Toerusting	230 000	
Opgehoote waardevermindering op toerusting		110 000
Vaste deposito: YC Bank (9% p.j.)	80 000	
Handelsvoorraad	289 000	
Verbruiksgoedere voorhande (1 Augustus 2014)	3 500	
Debiteurekontrole	49 400	
Voorsiening vir oninbare skulde		2 380
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		**?**
Koste van verkope	935 500	
Oninbare skulde ingevorder		2 500
Kommissie inkomste		14 800
Rente op vaste deposito		5 400
Ouditfooie	?	
Advertensies	8 000	
Oninbare skulde	2 100	
Direkteursfooie	75 000	
Versekering	5 110	
Verpakkingsmateriaal	45 300	
Salarisse en lone	102 000	

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

A. Verkoopspryse word vasgestel deur ‘n winsgrens van 60% op kosprys toe te pas. Handelskortings van R23 300 is toegestaan aan spesiale klante gedurende die jaar.

B. ‘n Vuur in die stoorkamer het skade van R4 000 aan voorraad aangerig. Die versekeringsmaatskappy het geweier om die eis uit te betaal aangesien vlambare items nie volgens veiligheidsvoorskrifte geberg is nie. Geen inskrywings is gemaak nie.

Kopiereg voorbehou

C.
- Die boekhouer het versuim om die verpakkingsmateriaal voorhande aan die begin van die finansiële jaar terug te skryf.
- Verpakkingsmateriaal gebruik gedurende die jaar, R44 200.

D. Volgens die fisiese voorraadopname op 31 Julie 2015, is die waarde van die handelsvoorraad voorhande R283 000.

E. Die afleweringsvoertuig is op 1 Mei 2015 vir R42 000 ingeruil op ‘n nuwe voertuig, maar geen inskrywings is nog gemaak nie. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die vaste paaiement-metode. Die nuwe voertuig het R210 000 gekos.

F. Toerusting se waarde word teen 10% p.j. op die verminderde saldo verminder.

G. Maak voorsiening vir die uitstaande rente op vaste deposito vir 3 maande. Rente word gekapitaliseer.

H. Sticky Roomys skuld R1 500 se kommissie aan Metro Supermark. Dit is vir ‘n promosie van ‘n nuwe roomys wat gedurende Mei 2015 in die supermark gehou is.

I. Direkteursfooie, R15 000, was nog aan die direkteure verskuldig aan die einde van die rekenpligtige periode.

J. ‘n Betaling van R960 is in Julie 2015 aan die plaaslike radiostasie gemaak vir ‘n advertensie wat gedurende Augustus 2015 uitgesaai sal word.

K. 'n Verdere R1 400 moet as oninbare skulde afgeskryf word. Voorsiening vir oninbare skulde word teen 6% van goeie boekskulde gehandhaaf.

L. Een van die werknemers was gedurende Julie 2015 met siekverlof en is uitgelaat uit Julie se Salarisjoernaal. Haar salarisbesonderhde is soos volg:

Bruto Salaris	Aftrekkings	Netto Salaris	Werkgewers-bydrae
?	R5 000	R12 000	R3 000

M. Inkomstebelasting vir die finansiële jaar is bereken op R53 325. Dit is 30% van die netto wins voor belasting.

N. Die syfer vir Ouditeursfooie is die balanserende syfer in die Inkomstestaat.

65

VRAAG 4 KONTANTVLOEISTAAT, VERTOLING EN VERHOUDINGSANALISE (60 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Neonell Hardeware Bpk, ‘n publieke maatskappy. Hul rekenpligtige tydperk eindig jaarliks op 28 Februarie.

GEVRA:

4.1 Verduidelik die verskil tussen ‘n Balansstaat en ‘n Kontantvloeistaat. (2)

4.2 Bereken die volgende bedrae soos dit in die Kontantvloeistaat op 28 Februarie 2015 sal verskyn:

- Dividende betaal (5)
- Kontant voortgebring uit finansieringsaktiwiteite (10)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

4.3 By die AJV het ‘n aandeelhouer aangedui dat sy ongelukkig is oor die oortrokke bank op 28 Februarie 2015. Sy voel dat die direkteure sekere swak besluite geneem het wat tot hierdie situasie gelei het. Verduidelik TWEE sulke besluite, met relevante syfers, om haar opinie te ondersteun. (6)

4.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar tot 28 Februarie 2015:

4.4.1 Vuurproefverhouding (5)
4.4.2 Netto batewaarde per aandeel (3)
4.4.3 Skuld-ekwiteitverhouding (3)

4.5 Die direkteure wou graag sakebedrywighede uitbrei en het daarom verkies om eerder lenings gedurende die finansiële jaar te verhoog, as om nog aandele uit te reik.

Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan (werklike syfers/ verhoudings/ persentasies) wat relevant is tot hul keuse. Verduidelik of dit 'n goeie keuse was of nie. (8)

4.6 Die direkteure is van mening dat die likiditeit verswak het. Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers (met bedrae) aan om hul mening te ondersteun. (9)

4.7 Die Nel familie besit 740 000 aandele in hierdie maatskappy. Verduidelik die uitwerking wat die terugkoop van die aandele op 31 Desember 2014 op hul beheer van die maatskappy gehad het. Toon 'n berekening(e) om jou antwoord te ondersteun. (5)

INLIGTING:

A. Inligting uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015:

Waardevermindering	370 200
Rente op lening (gekapitaliseer)	88 500
Netto wins voor belasting	1 575 000
Inkomstebelasting	441 000

B. Inligting uit die Balansstaat soos op:

	28 Feb. 2015	**28 Feb. 2014**
Vaste Bates (drawaarde)	**8 473 400**	**4 569 000**
Bedryfsbates	**3 337 300**	**4 641 000**
Voorrade	818 200	641 000
Handelsdebiteure	2 377 600	1 512 000
SAID: Inkomstebelasting	128 000	-
Kontant en kontantekwivalente	13 500	2 488 000
Aandeelhouersekwiteit	**8 839 000**	**7 400 000**
Gewone aandelekapitaal	8 700 000	6 600 000
Behoue Inkomste	139 000	800 000
Verbandlening: Star Bank (12,5% p.j.)	**908 000**	**508 000**
Bedryfslaste	**2 063 700**	**1 302 000**
Handelskrediteure	678 700	700 000
Aandeelhouers vir dividende	870 000	480 000
Oortrokke bank	515 000	-
SAID: Inkomstebelasting		122 000

C. Aandeelhouersregister:

DATUM	**BESONDERHEDE**
1 Maart 2014	1 200 000 uitgereikte aandele
31 Maart 2014	300 000 addisionele aandele uitgereik teen R8 elk
31 Desember 2014	50 000 aandele teruggekoop teen R9,50 elk. Gemiddelde prys van alle aandele uitgereik tot op datum was R6 per aandeel.
28 Februarie 2015	1 450 000 uitgereikte aandele

Kopiereg voorbehou

D. Dividende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015:

Tussentydse dividende op 31 Augustus 2014 betaal	50c per aandeel
Finale dividende op 28 Februarie 2015 verklaar	R870 000

E. Besonderhede van die beweging van vaste bates gedurende 2015

Nuwe, groter perseel (grond en geboue) bekom	4 051 000
'n Nuwe voertuig aangekoop, om die ingeruilde een te vervang	330 000
'n Voertuig teen drawaarde ingeruil (na 1½ jaar in gebruik)	106 400

F. Sommige finansiële aanwysers

	28 Feb. 2015	**28 Feb. 2014**
Skuld-ekwiteitverhouding	?	0,1 : 1
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	?	617 sent
Bedryfsverhouding	1,6 : 1	3,6 : 1
Vuurproefverhouding	?	3,1 : 1
Voorraadomsetsnelheid	6,8 keer p.j.	5,1 keer p.j.
Debiteure-invorderingstermyn	40 dae	35 dae
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	18,8%	16,4%

60

VRAAG 5 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (50 punte, 30 minute)

5.1 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Quality Handelaars vir die periode wat op 31 Julie 2015 geëindig het.

GEVRA:

Voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK deur die bedrae in die gepaste kolomme in te skryf.

VOORBEELD: Kommissie sal ontvang word op promosie-items verkoop, R3 000

No	Bedrag in Kontantbegroting vir Julie 2015		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Julie 2015	
	ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld	R3 000		R3 000	

5.1.1 Tussentydse dividende betaalbaar aan aandeelhouers, R25 000

5.1.2 Verwagte kontantverkope vir Julie 2015 behoort R45 000 te beloop (koste van verkope, R21 000)

5.1.3 Oninbare skulde wat in Julie 2015 afgeskryf sal word, R1 200.

5.1.4 Terugbetalings aan krediteure, R18 000, sal na verwagting gedurende Julie 2015 gemaak word. R900 se korting sal geëis word.

5.1.5 Direkteursfooie betaalbaar in Julie 2015, behoort R50 000 te wees.

5.1.6 Waardevermindering vir die 2015 finansiële jaar sal R33 600 wees. (12)

5.2 KONTANTBEGROTING

Jy word voorsien van 'n onvoltooide Kontantbegroting van CKC Handelaars vir die periode 1 Oktober 2015 tot 30 November 2015. Chase Khumalo is die eienaar.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die kredietverkope vir Oktober 2015 en voltooi daarna die Debiteure-invorderingskedule vir November 2015. (6)

5.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(i)-(v)** op die Kontantbegroting aangedui word. (12)

5.2.3 Op 31 Oktober 2015 het jy die begrote bedrae met die werklike bedrae vergelyk en die volgende gevind:

	OKTOBER 2015	
	BEGROTE	**WERKLIKE**
Verkope	R108 000	R84 000
Koste van verkope	72 000	60 000
Bruto wins	36 000	24 000
Afleweringskoste	10 800	12 600
Telefoonkoste	5 000	7 500

5.2.3.1 Chase het besluit om spesiale kortings aan klante gedurende Oktober aan te bied. Hulle sal weekliks per telefoon of SMS aan hierdie aanbieding herinner word.

Na jou mening, het dit die onderneming bevoordeel? Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (4)

5.2.3.2 Verduidelik wat jy aan Chase sal sê oor die beheer van:

- Afleweringskoste
- Telefoonkoste

Haal syfers aan om jou antwoord te staaf en verskaf EEN punt van advies in ELKE geval. (6)

5.2.4 Verwys na inligting **F** en **G**.
Chase vra jou advies oor die nuwe voertuig.

5.2.4.1 Bereken die aankoopprys van die nuwe voertuig. (4)

5.2.4.2 Behalwe vir die deposito en die maandelikse paaiement van R6 250, verduidelik hoe die volgende Kontantbegroting geraak gaan word. Verskaf DRIE punte. (6)

INLIGTING:

A. Verkope, koste van verkope en debiteure-invordering

(i) Werklike en begrote verkope en koste van verkope:

	VERKOPE (R)		KOSTE VAN VERKOPE (R)	
	BEGROTE	**WERKLIKE**	**BEGROTE**	**WERKLIKE**
Augustus	105 000	78 000	70 000	52 000
September	123 000	89 100	82 000	60 000
Oktober	108 000		72 000	
November	84 000		?	

(ii) 60% van die totale verkope is vir kontant.

(iii) Kredietverkope word soos volg ingevorder:

- 20% in die maand van verkope
- 70% in die eerste maand wat op die verkope volg
- 8% in die tweede maand wat op die verkope volg
- Die saldo word in die derde maand wat op die maand van verkope volg, afgeskryf

B. Afleweringskoste

- Alle goedere wat verkoop word, word gratis aan klante afgelewer
- QIK Deliveries is gekontrakteer om hierdie diens te lewer
- Die afleweringskoste word teen 10% van verkope begroot

C. Voorraadvlakke en betalings aan krediteure

- CKC Handelaars gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- Die onderneming handhaaf 'n vaste voorraadbasis deur voorraad maandeliks te vervang.
- 75% van die totale aankope is op krediet.
- Krediteure word in die maand na die maand van aankope betaal om voordeel te trek uit 'n korting van 5%.

D. Salarisse

- Werkers sal 'n verhoging van 3% op 1 November 2015 ontvang.

E. Versekering

- Die versekeringspremie word aan die einde van elke maand betaal.
- Die maandelikse premie sal op 1 November 2015 met 10% verhoog.

F. Besonderhde rakende die afleweringskoste en nuwe voertuig

Chase oorweeg dit om eerder 'n nuwe afleweringsvoertuig in Desember 2015 aan te koop om sy kontantvloei te verbeter en nie langer die dienste van QIK Deliveries te gebruik nie.

CKC Handelaars sal 'n deposito van 10% betaal. Chase se oom het ingestem om rentevrye finansiering vir die oorblywende koste van die voertuig te verskaf. Terugbetalings aan sy oom sal R6 250 per maand oor 36 maande beloop.

G. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig 30 November 2015

Ontvangste	**Oktober**	**November**
Kontantverkope van goedere	64 800	50 400
Invordering van debiteure	46 440	
Huurinkomste	7 500	8 250
Addisionele kapitaal wat bygedra sal word		100 000
Totale ontvangste		
Betalings		
Kontantaankope van handelsvoorraad	18 000	**(i)**
Betalings aan krediteure	**(ii)**	51 300
Salaris: vyf werkers	32 000	**(iii)**
Telefoon	5 000	6 000
Advertensies	18 000	12 000
Versekering	**(iv)**	2 904
Afleweringskoste (betaalbaar aan QIK Deliveries)	10 800	8 400
Ander bedryfsuitgawes		
Onttrekkings	15 000	15 000
Totale betalings		
Kontantsurplus/-tekort	(22 600)	
Banksaldo aan begin van maand	(10 200)	**(v)**
Banksaldo aan einde van maand		

50

VRAAG 6 VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER (35 punte, 20 minute)

6.1 Kies die **voordeel** uit KOLOM B wat pas by die term/konsep in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	EIEU	A	Prysfluktuasies word glad nie ag geneem nie
6.1.2	Spesifieke identifikasie	B	Akkurate berekening van die slotvoorraad se waarde, gebasseer op die mees onlangse pryse
6.1.3	Geweegde gemiddelde	C	Baie groot ekonomiese skommelinge kan lei tot 'n baie lae waardasie van slotvoorraad
		D	Aantal items voorhande kan maklik deur inspek-sie bepaal word
		E	Geskikste metode wanneer groot volumes identiese, klein voorraaditems verkoop word

(3)

6.2 **STYLE MEUBELHANDELAARS**

Style Meubelhandelaars verkoop mikrogolfoonde. Die eienaar is Steve Smart. Hy besit ook ander besighede en kan nie gereeld by die winkel wees nie. Jane Jonker is aangestel om die winkel te bestuur. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit (EIEU)-metode om voorraad te waardeer. Die finansiële jaareinde is elke jaar op 30 Junie.

GEVRA:

6.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van 145 mikrogolfoonde op 30 Junie 2015 deur die EIEU-metode te gebruik. (6)

6.2.2 Bereken die volgende:

- Koste van verkope (6)
- Gemiddelde winsopslag % vir die jaar behaal (4)

6.2.3 **Verwys na Inligting D.**

Voorsien 'n berekening om te bewys of die inligting wat die stoorkamervoorman gegee het, akkuraat is of nie. (6)

6.2.4 Jane is bekommerd dat die finale voorraad van 145 mikorgolfoonde nie geskik vir haar onderneming is nie. Voorsien 'n berekening of syfers om haar mening te staaf, en verduidelik. (3)

Kopiereg voorbehou

6.2.5 Jane het die verkoopprys gedurende die jaar aangepas om nuwe klante te lok. Lewer kommentaar of hierdie strategie tot voordeel van die onderneming was of nie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (3)

6.2.6 Voorsien TWEE punte om Jane te help om die interne beheer van voorraad in die onderneming te verbeter. (4)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	GETAL EENHEDE	EENHEIDS-PRYS (vraggeld ingesluit)	TOTAAL
1 Julie 2014 (vervoerkoste ingesluit)	70	R5 500	R385 000
30 Junie 2015	145	?	?

B. Aankope van mikrogolfoonde gedurende die finansiële jaar tot 30 Junie 2015:

	GETAL EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	VRAGGELD	TOTAAL
September 2014	150	R5 000	R18 750	R768 750
Desember 2014	120	R4 750	R15 000	R585 000
April 2015	90	R4 450	R11 250	R411 750
TOTAAL	360		**R45 000**	**R1 765 500**

C. Terugsendings na verskaffers:

Drie mikrogolfoonde van die Desember 2014-aankope het nie gewerk nie en is aan verskaffers teruggestuur. Die verskaffers het ook die vraggeld op hierdie items terug-geskryf.

D. Moontlike diefstal van mikrogolfoonde:

Die stoorkamervoorman het Steve vertel dat hy Jane daarvan verdink dat sy mikrogolf-oonde aan familie en vriende weggee.

E. Verkope vir die jaar was soos volg:

	Verkoopprys	Hoeveelheid	TOTAAL
Julie tot Oktober 2014	R9 100	80 eenhede	R728 000
November 2014 tot Maart 2015	R9 800	30 eenhede	R294 000
April 2015	R7 500	150 eenhede	R1 125 000
Mei tot Junie 2015	R9 800	16 eenhede	R156 000
		276 eenhede	**R2 303 800**

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou